kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Lojaliteit en plig

Skriflesing: Matteus 22:15-22

Broodjies vir die pad

"The master said You must write what you see.
But what I see does not move me.
The master answered Change what you see."
— Louise Glück, Vita Nova

"Intentions must mature into commitments if we are to become persons with definition, with character, with substance."
— Eugene H. Peterson, Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best

"Sometimes our light goes out, but is blown again into instant flame by an encounter with another human being."
— Albert Schweitzer

"There is also present in every human being, in everyone's biography-although sometimes harrowing cases of systematic neglect, present in the matter of absence, so if longing for that which never was there then too, deeply suspect, should have been."
— Paul Ricoeur

"Man wishes to be confirmed in his being by man, and wishes to have a presence in the being of the other.... Secretly and bashfully he watches for a YES which allows him to be and which can come to him only from one human person to another."
— Martin Buber, I and Thou

ligvoets lewe

ek sou so graag wou
meer opreg leef in die hede
die heerlike hier en nou
met minder steur aan ou verbrou
en spoke van die verlede
as ek kon sou ek nou

ek sou so graag wou
minder wroeg oor toekomsonsekerhede
lastige bobbejane agter die bult hou
nooit weer lugkastele op waaisand bou
in stede intiem aanwesig wees in die hede
as ek kon sou ek nou

ek sou so graag wou
stadig oordeel en vinnig vergewe
meer stil wees en aandagtig luister
na medemens en natuur se soete fluister
ligvoets wandel en gedagtig lewe
as ek kon sou ek nou

die skepping is oneindig ruim en ryk
om brokkie deel daarvan te wees
vêr bokant subjektiewe denke se bereik
tog bewustelik een daarmee vlees en gees
as pelgrim lig belas wandelend voort
knus in plek en tyd waar ek kortliks hoort
klip en plant is ek mos
en ek is mos plant en klip
lewende sterstof in die malende kosmos

as ek kon sou ek nou
hierdie uitkyk bly vashou
ek sou so baie graag wou

Desmond Gird

Digter met 'onmiskenbare stem' wen Nobelprys vir letterkunde

AJ Opperman

Die Amerikaanse digter Louise Glück het Donderdag die Nobelprys vir letterkunde gewen met haar "onmiskenbare digterstem wat met 'n sober skoonheid die individuele bestaan universeel maak".

Die Sweedse Akademie, wat dié gesogte prys toeken, het dit in Stockholm aangekondig.

Glück (77) het 10 miljoen Sweedse kroon ontvang.

Sy is die eerste Amerikaanse skrywer in 27 jaar wat dié prys wen sedert die romanskrywer Toni Morrison dit in 1993 ontvang het. Die Amerikaanse rockster en liedjieskrywer Bob Dylan het dit wel in 2016 gewen.

'n Skrywer kan die prys net een keer wen.

Glück, wat in 1968 met *Firstborn* gedebuteer het, se temas handel oor familie en die pynlike verhoudings daarvan.

Anders Olsson, voorsitter van die Nobelkomitee, het met die aankondiging gesê drie eienskappe kenmerk haar werk:

"Die onderwerp van familie, 'n sober, dog speelse intelligensie en 'n verfynde sin van komposisie."

Verhoudings tussen ouers en sibbe is 'n deurlopende tema in haar digkuns.

"Hoewel haar outobiografiese agtergrond opvallend in haar werk is, moet sy nie as 'n belydenisdigter beskou word nie," sê Olsson.

"Sy soek na die universele, en daarom put sy inspirasie in mites en klassieke motiewe."

Glück het 12 digbundels uitgereik, asook as essaybundels.

Sy het die Pulitzerprys gewen met haar bundel *The Wild Iris* wat in 1992 verskyn het.

Sy het in 2016 die medalje vir nasionale wysbegeerte van oudpres. Barack Obama ontvang.

Sy volg nou 'n skrywersresidensie aan die Yale-universiteit.

Die Suid-Afrikaanse digter Joan Hambidge, wat die Hofmeyr-leerstoel aan die Universiteit van Kaapstad (UK) beklee, het in 1999 'n geleentheid aan die Harvard-universiteit bygewoon waartydens Glück ook teenwoordig was.

Die digter Robert Pinsky het hier opgetree.

"Ek was besig met 'n studie oor gender," sê Hambidge.

"Ek het Pinsky hoor lees uit (sy bundel) *Jersey Rain*. Hy was die poet laureate van Amerika. Glück het nie gelees nie, maar sy was saam met hom daar."

Volgens Hambidge bevat Glück se digkuns temas van jeugtrauma: anoreksie, pynlike verhoudings met liggaamlikheid en die kartering van 'n onvervulde huwelik wat eindig in

egskeiding.

"Meditatiewe verse, inkantasies – sy gebruik ook mitologiese verwysings. Haar gedigte is gestroop, op die punt af en trek jou in . . . Wrang gedigte."

Hambidge reken haar gedig "The Drowned Children" <https://www.poetryfoundation.org/poems/49599/the-drowned-children> is sterk, hoewel dit ook kritiek gekry het.

Die Nobelprys se toekenningsaand in Desember sal nie vanjaar in Stockholm soos gewoonlik gehou word nie, maar virtueel aangebied word.

In 'n video wat die Akademie Donderdag op Twitter gedeel het, het Olsson gesê die Covid-19-pandemie het andersins nie die toekenning van die prys vreeslik geraak nie.

Die benoemings word nie vooraf bekend gemaak nie, maar die wenners is vooraf in kennis gestel. Kandidate wat vir die Nobelprys oorweeg word, word aanbeveel deur mense wat deur die Nobelpryskomitee uitgenooi word. 'n Skrywer kan haar- of homself nie benoem nie.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/digter-met-onmiskenbare-stem-wen-nobelprys-vir-letterkunde-20201008

"I do not accept any absolute formulas for living. No preconceived code can see ahead to everything that can happen in a man's life. As we live, we grow and our beliefs change. They must change. So I think we should live with this constant discovery. We should be open to this adventure in heightened awareness of living. We should stake our whole existence on our willingness to explore and experience. "
— Martin Buber

"Caution in handling generally accepted opinions that claim to explain whole trends of history is especially important for the historian of modern times, because the last century has produced an abundance of ideologies that pretend to be keys to history but are actually nothing but desperate efforts to escape responsibility."
— Hannah Arendt, The Origins of Totalitarianism

„For one thing, Christian doctrine is from first to last a historical construct. Its content rests on the historical revelation of God in the historical figure of Jesus Christ and on the precise evaluation, by historical interpretation alone, of the testimony that early Christian proclamation gives to this figure." — Wolfhart Pannenberg

"Hungry for love, He looks at you. Thirsty for kindness, He begs of you. Naked for loyalty, He hopes in you. Homeless for shelter in your heart, He asks of you. Will you be that one to Him?"
— Mother Teresa, In the Heart of the World: Thoughts, Stories and Prayers

"All the great things are simple, and many can be expressed in a single word: freedom, justice, honor, duty, mercy, hope"
— Winston Churchill

Brood vir die pad

Moraliteit, etiek en reg verskil so

Anton van Niekerk

Suid-Afrika bevind hom in 'n ongekende morele krisis. Om in hierdie tyd selfs net te praat oor moraliteit, lok onwillekeurig skouerophalende sinisme uit. Hoe praat 'n mens nog oor die verskil tussen reg en verkeerd in 'n land waar diefstal 'n alledaagse tydverdryf geword het, waar die nuusmedia daagliks verslag doen oor 'n orgie van gewelddadige roof en moord en waar korrupsie, veral in die Covid-tyd, blykbaar verhef is tot ons nuwe nasionale sport?

As dit ooit so was dat die "nuwe Suid-Afrika" internasionaal bewonder is as 'n radikale koersverandering ná die afgryse van apartheid, dan moet ons 26 jaar later erken dat daar 'n krisis in die koers is. Juis daarom is dit regdenkende Suid-Afrikaners se plig om, te midde van die krisis in die koers, opnuut koers in die krisis te probeer vind.

Om dit te bewerkstellig, is daar seker vele moontlike maniere – nuwe wetgewing, zero-toleransie ten opsigte van misdaad (soos Rudy Giuliani in die 1990's in New York toegepas het) en opvoeding. Vandag bepaal ek my slegs by drie sentrale begrippe in hierdie debat: moraliteit, etiek en reg (*law*).

Eerstens: wat is moraliteit? Myns insiens is moraliteit die waarneembare verskynsel dat mense hul gedrag onderwerp aan die vereistes van 'n behorens-eis. Eenvoudig gestel: Dis die verskynsel dat mense erken dat van ons almal vereis word dat ons positief moet kan reageer op die "behoort-vraag" ten opsigte van menslike gedrag. Behoort ek te doen wat ek doen? Dis ook die erkenning dat ons gedrag onderworpe behoort te wees aan norme.

Moraliteit is daarby 'n universele menslike verskynsel. Ek is nie bewus van enige samelewing of kultuur waarin moraliteit in hierdie sin nie voorkom nie. Dit sê nie alle samelewings is moreel nie. Al wat ek sê, is dat morele besorgdheid, of die eis om morele verantwoordbaarheid, universeel aan menslike gedrag is. Dit onderskei ons ook van die diere.

Etiek is iets anders. Etiek is 'n intellektuele aktiwiteit; dis die uitkoms van versigtige nadenke. Dis 'n onderafdeling van filosofie. Etiek is die gevolg van besinning oor moraliteit; dit vra die vraag watter norme ons behoort te aanvaar en na te volg. Kortom, etiek is die uitkoms van besinning oor die verskil tussen reg en verkeerd of goed en kwaad.

Etiek lewer teorieë op, byvoorbeeld reëlmoraliteit, wat aanvoer dat gedrag wat sekere reëls volg, reg is, of utilitarisme, wat aanvoer dat dade wat die meeste voordelige gevolge vir die meeste mense oplewer, reg is, of deugde-etiek, wat aanvoer dat deugsame mense altyd die regte ding doen.

'n Belangrike fout wat mense soms maak, is om etiek en reg (*law*) te verwar of as dieselfde verskynsel te beskou. "Reg" is die stel idees en praktyke wat die goeie orde in 'n samelewing reël en wat mense se fundamentele regte beskerm. Dat die twee nie dieselfde is nie, blyk uit die volgende voorbeelde.

'n Daad kan oneties wees, sonder om onwettig te wees. Dink aan die praktyk van leuens vertel: Om te lieg, is nie onwettig nie (behalwe in die hof), maar word meesal beskou as oneties. Daarteenoor kan dade wettig wees, sonder om eties te wees. In Suid-Afrika was seks of huwelike oor die "kleurlyn" voor die 1980's onwettig. Dit beteken nie dat sulke dade daarom ook oneties was nie. Kortom: Etiek en reg is nie dieselfde ding nie.

'n Daadwerklike eerste stap om koers in Suid-Afrika se morele krisis te vind, is om laasgenoemde drie begrippe reg te verstaan. Die wonder van regte handelinge is dat dit gebou word op goeie begrip.

** Van Niekerk is direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/moraliteit-etiek-en-reg-verskil-so-20201012

"If having a soul means being able to feel love and loyalty and gratitude, then animals are better off than a lot of humans."
— James Herriot , All Creatures Great and Small

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877